December 2006 / Desember 2006

SPP NEWS /NUUS

Inside this issue:

PLAASWERKERS / -BEWONERS IN DIE WESKUS NEEM DIE STRYD TEEN UITSETTINGS EN ONBILLIKE AFDANKINGS VOORT

Na 12 jaar in ons nuwe demokrasie vind onregverdige arbeidspraktyke, plaasuitsettings, aanrandings en menseregteskendings nog steeds plaas. Wetgewing is gedurende 1997 geskryf wat veronderstel was om plaaswerkers te beskerm, maar vandag is dit net andersom. Groot opskrifte het vroeg 1994 verskyn soos “Plaaswerkers is ook God se mense”, maar vandag moet ons onself afvra of dit werklik so is.

Plaaswerkers / -bewoners van die Weskusstreek ondervind nog steeds uitsettigs op ‘n daaglikse basis en ervaring dui daarop dat dit juis tydens hierdie tyd van die jaar is dat plaaseienaars mense van hul plase afsit en werkers afdank.

In die lig van hierdie feite het plaaswerkers en -bewoners op Saterdag 2 Desember 2006 die stryd hervat deur ‘n optog te hou te Citrusal wat die begin was van ‘n program van aksie teen uitsettings en onbillike arbeidspraktyke op plase.

Die slagkreet was “Genoeg is genoeg!”.

“Die ESTA wetgewing beskerm nie die regte van werkers nie en plaaseienaars gebruik die ‘loopholes’ in die Wet om hul eie belange te dryf”, aldus Michael Morobi, plaasleier van Piket-Bo-berg.

Verskeie voorbeelde van uitsettings was deur die optoggangers uitgewys bv. die David Fouche saak. David en sy gesin het reeds vir 18 jaar op die plaas Draaihoek gewoon. Hy is in Junie afgedank en het ‘n bevel ontvang om die plaas te verlaat. David het op die buurplaas akkomodasie gekry, maar moes ook weer hierdie plaas verlaat teen einde November. Geen ondersteuning word verksaf deur relevante rolspelers, onder andere die plaaslike munisipaliteit nie.

Die optog het mediadekking gehad in die Kaapse Son, KFM en SAUK televisie nuus.

MST and LPM visit to the West Coast

The Social Movements namely the Landless People's Movement (LPM) and the Movement of Landless Workers in Brazil (MST) visited emerging farmers and farm workers in the West Coast during November.

The purpose of the visit was to share learning experiences and to build on current relationships and networks.

The West Coast emerging farmers communicated their constraints and experiences within a conventional agricultural environment and were investigating ways to collaborate with the LPM in their quest to secure productive land for poverty eradication and livelihoods development. The current land reform that was initiated to address landlessness and powerlessness, is slow and complex and in some instances benefit rich farmers.

Representatives from the LPM have indicated their willingness and commitment to support the poor and the landless communities of the West Coast in raising awareness and support, that would contribute to the transformation of land ownership patterns. What is important is that communities at the grassroots level understand their own context and mobilize in support of social movements and NGOs. A challenge for communities in the West Coast is to change current mindsets by taking initiative and responsibility, addressing powerlessness, misadministration and unemployment through democratic and participatory processes.

The relationships with the MST was re-established after delegates from the West Coast visited MST in Brazil during 2005 What is evident from the Brazil land experience is the involvement and passion of the youth, a phenomenon that emerging farmers from the West Coast could learn from.

Available resources are, however crucial to initiate lobbying and advocacy strategies in the South African Land and Agrarian reform context.

"Genoeg is genoeg!!"

Die eise van optoggangers soos vervat in die memorandum sluit onder andere in:

- 'n Moratorium op uitsettings vanaf plase
- Dat plaasbewoners en -werkers toegang tot grond moet verkry vir landbou en behuising
- Dat die onderdrukking en uitbuiting van plaaswerkers gestaak moet word
- Dat aanrandings op en menseregtes-kendings van plaasbewoners en werkers gestaak moet word.

Mev. Schoor, voorsitter van die Weskus DEK onderteken die memorandum

Die eise word onderskryf met die publieke en politieke erkenning dat:

- Die mark-gebaseerde grondher-vormingsbeleid nie werk nie en nie plaaasbewoners en -werkers bevoordeel nie
- Tydens die nasionale en provinsiale grondberade van 2005, het grond-loses geëis dat 'n moratorium op uitsettings gplaas moet word
- 'n Resolusie tydens die beraad aanvaar het dat 'n moratorium op uitsettings geplaas moet word
- Landelike transformasie gekniehalter word deur ras-gebaseerde dominan-sie en onderdrukking op alle vlakke.

ESTA is in 1997 in plek gestel, maar reguleer slegs uitsettings, m.a.w. dit stel slegs 'n proses in plek wat grondeienaars moet volg om werkers uit te sit.

Bv. Die Thomas Engelbrecht saak:
Thomas is 46 jaar oud en getroud met Griet ,49. Hulle het 'n pleegkind met die naam Anita Mentoor van 11 jaar oud. Op 13 April 2006 is Thomas sonder 'n dissiplinêre verhoor afgedank deur die eienaar, Tony Sandal. Op 20 Mei is Thomas se meubels uit sy huis verwyder sonder 'n hofbevel. 'n Kriminele klag is gelê teen die eienaar vir onwettige uitsetting en die onbilike afdanking is verwys na die CCMA. Geen vervolging het plaasgevind nie.

Kortliks: SPP seminar

Surplus People Project

Kaapstad Kantoor:
Collingwood Weg 45, Observatory
Posbus 468, Athlone, 7760
Tel: +27 21 448 5606
Faks:: +27 21 448 0105
E-pos: spp@spp.org.za

SPP Calvinia: Posbus 228, Calvinia, 8190. Tel: +27 273 411 753
Faks: +27 341 2548
E-pos: pedro@spp.org.za

SPP Namakwaland
Posbus 669, Springbok, 8240
Tel: +27 2771 81370
Faks: +27 2771 81302
E-pos: edith@spp.org.za

SPP het as deel van hul kwartaalikse seminar-reeks, 'n seminar gehou op Vrydag 17 November 2006 met die tema "Sosiale Bewegings in Grond-en Landbouhervorming in die era van neo-liberalisme". Die gassprekers by hierdie geleentheid was Oupa Lehulere (Khanya College) en Mercia Andrews (TCOE).

Die seminar het gepoog om debat te stimuleer oor menslike organisering in Grond-en landbouhervorming in die Suid-Afrikaanse konteks en ook wat ons kan leer van ander organisasies in terme van mobilisering. Opkomende boere in die Weskus streek het die geleentheid gehad om die seminar by te woon en ook hulle ervaringe en opinies met die gehoor te deel.

Pad vorentoe vir aksie teen uitsettings:

Na afloop van die optog was 'n plan in plek gestel om die proses verder te neem en om skuldige plaaseienaars bloot te stel. Voorstelle soos om aksies naby plase te loods, om 'n opmars na die Parlement te hou en om plaasbewoners en werkers te organiseer, was voorgelê.

Vroue het sterk na vore gekom en gesê dat hulle sterk genoeg is om te mobiliseer teen uitsettings en onbillike arbeidspraktyke, juis omdat die wetgewing veral vroue nie genoegsaam beskerm nie.

Die opmars was deel van 'n provinsiale veldtog en hierdie kwessies sal tydens 'n nasionale werkswinkel te Pietermaritzburg vanaf 11-13 Desember 2006 verder bespreek word. Die belange van die Weskus sal deur verteenwoordigers uit die drie streke (Matzikama, Cederberg en Bergrivier) na hierdie werkswinkel geneem word.

Die optoggangers het verklaar dat die aksies nie sal stop totdat daar 'n moratorium op uitsettings is en hul lewensomstandighede verbeter het nie.

"*Change does not roll in on the wheels of inevitability, but comes through continuous struggle. And so we must straighten our backs and work for our freedom. A man can't ride you unless your back is bent. "*

Martin Luther King Jr.